# PAULUS SE RETORIESE STRATEGIE IN GALASIËRS 1:1-10

D F Tolmie[1]

# PAUL'S RHETORICAL STRATEGY IN GALATIANS 1:1-10

The aim of this article is to demonstrate an approach to the rhetorical analysis of Paul's Letter to the Galatians that differs from the typical approach followed by researchers, namely the forcing of ancient rhetorical categories on the letter. Instead it is proposed that Paul's rhetorical strategy should be analysed in terms of a "grounded theoretical approach". This is demonstrated by a systematic analysis of the Paul's basic rhetorical strategy, as well as of all the supportive persuasive techniques, in these two pericopes.

## 1. INLEIDING

Die afgelope twee dekades het die belangstelling in die retoriese analise van Paulus se Brief aan die Galasiërs weer opnuut opgevlam - hoofsaaklik as gevolg van die werk wat deur H D Betz (1975; 1979) in dié verband gedoen is. In 'n vorige uitgawe van *Acta Theologica* (Tolmie 2000:147-168) het ek reeds 'n oorsig gegee van verskillende retoriese analises van die Galasiërbrief wat die afgelope twintig jaar gepubliseer is. Ek het ook aangetoon hoe die soort benadering wat Betz en andere in hulle retoriese analises gevolg het, toenemend onder skoot gekom het en het daarom voorgestel dat 'n mens, in plaas daarvan om 'n bepaalde vooraf gekose retoriese model (antiek of modern) bloot op die teks te gaan toepas, eerder anders-om te werk moet gaan. Dit hou in dat 'n mens gebruik maak van 'n soort benadering wat bekend staan as 'n "grounded theorical approach" (Ellis 1993:469-483) - 'n benadering waarvolgens 'n teoretiese raamwerk ontwikkel en begrond word deurdat die navorser nie vooraf 'n formele teoretiese raamwerk formuleer om data te verklaar nie, maar die data stap vir stap met mekaar vergelyk in 'n poging om konseptuele kategorieë daar te stel waardeur die data verklaar moet word. Dit staan dus lynreg teenoor die benaderings waarin teoretiese raamwerke vooraf geformuleer word en dan net deur toepassing op die data geverifieer word. In die praktyk behels die metode wat ek voorstel dat 'n mens die Galasiërbrief perikoop-vir-perikoop moet ondersoek en sistematies al die oorredingstrategieë wat Paulus gebruik, uitlig. Op dié manier kan 'n

1 Prof D F Tolmie, Departement Nuwe Testament, Fakulteit Teologie, UOVS, Posbus 339, Bloemfontein, 9300.

mens dan nie net 'n volledige oorsig van Paulus se oorkoepelende retoriese strategie in die Galasiërbrief bied nie, maar ook 'n inventaris opstel van die soort oorredingstegnieke wat hy gebruik. Dit kan dan as die basis dien vir die skryf van 'n deeglik begronde Pauliniese retoriek - veral as 'n mens dit nog ook met die oorredingstrategieë en -tegnieke in sy ander briewe vergelyk. Die doel van hierdie artikel is om hierdie benadering te illustreer deur aan te toon hoe 'n mens te werk kan gaan om die individuele oorredingstegnieke en die oorkoepelende retoriese strategie in twee bepaalde perikope, naamlik Galasiërs 1:1-5 en 1:6-10 uit te lig.

# 2. GALASIËRS 1:1-5

In die aanhef van sy briewe volg Paulus gewoonlik die volgende patroon: hy gebruik die drie tradisionele elemente (sender, ontvanger, groet), maar gewoonlik brei hy die sender- en ontvangerelement uit (Schnider & Stenger (1987:3), en verander hy die normale χαῖρειν na die meer volledige "genade vir julle en vrede" en verchristelik dit.[2] Nogtans bly dit waar dat hy nooit 'n statiese patroon in die aanhef van sy briewe volg nie en dit dikwels aanpas by die spesifieke situasie. Dit is ook beslis die geval in Galasiërs aangesien hy die aanhef van hierdie brief op verskeie maniere aanpas om sy oorredingstrategie te pas. Ek sal drie aspekte bespreek, maar soos dit sal blyk, is dit die eerste een wat die meeste aandag ontvang:

## 2.1 Klem op die goddelike oorsprong van sy evangelie

Vir die moderne leser is die feit dat Galasiërs die eerste van Paulus se (behoue) briewe is waarin hy homself as 'n apostel[3] bekendstel belangrik, maar dit sou die eerste lesers/hoorders van die brief natuurlik nie besef het nie. Wat hulle egter nie sou miskyk nie, was die wyse waarop hy onmiddellik voortgegaan het om sy apostelskap te kwalifiseer: οὐκ ἀπ' ἀνθρώπων οὐδὲ δι' ἀνθρώπου ἀλλὰ διὰ Ἰησοῦ Χριστοῦ καὶ θεοῦ πατρὸς. Hoe onverwags hierdie woorde is, word gereeld deur navorsers uitgewys.[4] In 'n retoriese analise is dit belangrik om Paulus se bedoeling met die byvoeging van hierdie woorde te probeer bepaal. Die voor-die-hand-liggende antwoord is dat hy besig is om sy apostelskap te verdedig teen aanvalle van die opponente - soos wat talle navorsers aanvaar.[5] Daar is enkeles soos Lyons (1985:82-111) wat egter 'n

2 Kyk White (1984:1730-1756) vir 'n vollediger bespreking.

3 Vir 'n goeie bespreking van apostelskap in die Nuwe Testament, kyk Betz (1992:309-311) en Bruce (1982:72).

4 Kyk byvoorbeeld Fung (1998:36) en Cook (1992:513). Schütz (1975:114) merk op: "(P)olemic is scarcely veiled in the abrupt inscription and address with which the letter opens."

ander opinie huldig. Volgens hom moet 'n mens die antitetiese konstruksies in Paulus se briewe sien as gevalle van pleonastiese toutologie en dit nie alles interpreteer as gevalle waar Paulus hom verweer teen aanvalle van opponente nie. Hy toon ook aan dat daar talle gevalle van ontkennings in Paulus se briewe is[6] en dat geen verantwoordelike navorser sal beweer dat Paulus in al hierdie gevalle op aanvalle teen hom reageer nie. Volgens hom besluit navorsers lukraak watter van Paulus se antitetiese stellings werklik 'n reaksie op aanvalle op hom is. Hy kom tot die slotsom dat die antitetiese stellings eintlik net die resultaat van Paulus se geliefkoosde argumentatiewe styl is en deurgaans as sodanig aanvaar moet word, tensy hierdie aanname baie duidelik as onhoudbaar uitgewys kan word. In die geval van Galasiërs 1:1 verwerp hy gevolglik die siening dat Paulus besig is om te reageer op aanvalle van die opponente oor sy apostelskap. So 'n minimalistiese benadering is egter hoogs bevraagtekenbaar. Alhoewel Lyons beslis korrek is as hy sê dat nie alle antitetiese uitsprake in Paulus se briewe 'n reaksie op aanvalle van die opponente is nie, sou dit heeltemal verkeerd wees om by voorbaat te aanvaar dat feitlik geen enkele een van hulle 'n reaksie op aanvalle van die opponente is nie. 'n Beter benadering sou wees om elkeen van die antitetiese uitsprake binne die groter konteks van die brief te oorweeg.[7] In die geval van Galasiërs 1:1 is die onverwagsheid van Paulus se woorde (veral in die aanhef van 'n brief!) 'n goeie aanduiding daarvan dat die saak van sy apostelskap vir hom so belangrik was dat hy die heel eerste geleentheid wat hy kry, aangryp om daarna te verwys. So 'n houding maak sin indien die saak van sy apostelskap 'n belangrike rol in sy opponente se strategie gespeel het.[8] Daar is geen ander verduideliking wat Galasiërs 1:1 en 1:11-12 beter kan verklaar as die feit dat Paulus polemies reageer op aanvalle van sy opponente nie. Lyons (1985:121) se eie pogings om die inhoud van Galasiërs 1:1 en 1:11-12 te verklaar, bevestig dit. Hy stel voor dat Paulus eintlik net besig is om te reageer op onskuldige vrae van die Galasiërs of hulle besny moet word of nie. Hy vermoed dat hulle moontlik terselfdertyd ook 'n navraag oor dié saak na Jerusalem gestuur het. So 'n siening is egter beslis nie 'n beter antwoord as dit wat hierbo gegee word nie.

5 Lyons (1985:81-82, voetnoot 18) gee 'n lys van meer as 20 navorsers wat hierdie mening toegedaan is.

6 Dit is inderdaad die geval, soos die gedetailleerde studie van Schneider (1970) wys.

7 Kyk Barclay (1987:73-93) wat op 'n baie noukeurige wyse 'n metodologie ontwerp het waarmee 'n mens "mirror-reading" van Galasiërs kan doen. Ek stem saam met die volgende standpunt wat hy formuleer:

> If Paul makes a *denial*, we may assume, *at least*, those whom he addresses may be prone to regard what he denies as true, and *at most*, someone has explicitly asserted it. (Barclay se kursivering)

8 Barclay (1987:88) huldig dieselfde mening. Hy beskou dit as seker/feitlik seker dat Paulus se opponente beweer het dat Paulus valslik aanspraak maak op apostelskap.

'n Noukeuriger kyk na die inhoud van Paulus se standpunt in Galasiërs 1:1 toon dat sy primêre bedoeling is om op 'n baie kragtige manier sy apostelskap te bevestig:[9] sy apostelskap is afhanklik van - en dus bekragtig deur - God[10] en nie van 'n mens(e) nie. Die soort argument wat Paulus hier gebruik word, kan dus getipeer word as *'n argument gebaseer op goddelike gesag*.[11] In godsdienstige dispute is hierdie soort argument natuurlik een van die sterkste argumente wat 'n mens kan gebruik en is dit dan ook so dat dit gewoonlik deur beide kante gebruik word om hulle eie posisie te verstewig en dié van hulle teenstanders te ondermyn. Die logika hieragter is gewoonlik soos volg: wat ons sê/doen, is korrek omdat ons goddelike gesag daarvoor het. Hoe belangrik hierdie argument in terme van Paulus se retoriese strategie is, blyk duidelik uit die feit dat hy dit onmiddellik aan die begin van sy brief gebruik.

Dit is ook belangrik om raak te sien dat die manier waarop Paulus hierdie argument verwoord, die effek daarvan verhoog. In plaas daarvan om net die positiewe kant van die argument te noem, gebruik hy eers twee ontkennings en dan noem hy die positiewe kant. Die antitetiese struktuur οὐκ... οὐδὲ... ἀλλὰ is baie kragtiger as wat 'n blote positiewe standpunt sou wees en op dié manier slaag hy daarin om sy argument verdere klem te gee.

Verder is dit ook belangrik om daarop te let dat Paulus se argument oor sy apostelskap die enigste argument in Galasiërs 1:1-5 is wat tot 'n mate ontwikkel word. Die saak word nie bloot in die verbygang genoem nie, maar word op 'n kragtige manier onderstreep deur die antitetiese manier waardeur dit beklemtoon word. Aangesien die ander argumente in hierdie gedeelte nie enigsins ontwikkel word nie, maar bloot genoem word (kyk die verdere bespreking hieronder) moet 'n mens die afleiding maak dat die goddelike herkoms van Paulus se apostelskap sy argumentatiewe strategie in die eerste vyf verse oorheers.

9 'n Mens moet Paulus se argument in terme van die konteks van die vroeë Christendom verstaan en nie latere konsepte van apostoliese/kerklike ampte "teruglees" in Paulus se siening nie. Kyk byvoorbeeld Schlier (1971:26) wat te veel maak van die "amptelike" karakter van Galasiërs 1:1-5.

10 Die feit dat Paulus Jesus voor God noem, is moontlik toe te skryf daaraan dat hy aan sy Damaskuservaring dink, soos wat Longenecker (1990:5) vermoed.

11 Navorsers wat antieke retoriese teorieë gebruik sou dalk geneig wees om hierdie argument van Paulus te klassifiseer as 'n poging om sy *ethos* te bevestig, maar dit is belangrik om raak te sien dat hy nie die tradisionele maniere gebruik nie. Anderson (1996:126) wys dat Paulus nie die tipiese argumente van destyds gebruik nie en Hansen (1989:79) toon aan dat die antieke rhetorici aanbeveel het dat *ethos* deur die toespraak self en nie deur die (vroeëre) reputasie van die spreker geskep moet word nie.

Is dit dalk moontlik om die aanvalle waarteen Paulus hom probeer verweer met meer akkuraatheid te omskryf? Dit lyk of die skerp kontras tussen goddelike en menslike sfere 'n aanduiding kan wees dat sy opponente beweer het dat sy apostelskap bloot 'n menslike oorsprong het. Die verandering van "van mense" (ἀπ' ἀνθρώπων) na "deur 'n mens" (δι' ἀνθρώπου) dui moontlik daarop dat Paulus 'n dubbele aanval moes afweer. Vermoedelik het sy opponente beweer dat Paulus sy apostelskap te danke het aan die christenleiers in Antiochië en - kan 'n mens bespiegel - dalk aan 'n spesifieke individu, byvoorbeeld Barnabas (Mussner 1977:45; Dunn 1993:26). Nietemin, die basiese aanklag teen Paulus is duidelik: sy apostelskap het nie goddelike sanksie nie en daarom hoef die gelowiges in Galasië nie sy weergawe van die evangelie te aanvaar nie.

## 2.2 Die verwysing na mede-senders

Soos gewoonlik (Schnider & Stenger 1987:5-6) verwys Paulus ook in Galasiërs na mede-senders. Anders as gewoonlik noem hy nie die medesenders by die naam nie, soos in die geval van Sosthenes (1 Korintiërs 1:1) of Timoteus (2 Korintiërs 1:1) nie, maar dui hulle bloot aan as "die broeders saam met my". Deur hierdie frase by te voeg, slaag Paulus daarin om die indruk te skep van 'n hele groep mense wat sy standpunt steun en dit wat hy in die brief skryf, onderskryf. Dit is ook belangrik om raak te sien dat πάντες op so 'n manier gebruik word dat die klem daarop val (Longenecker 1990:2) en dat dit dus die indruk van eenparige ondersteuning vir sy standpunt verder beklemtoon. Die soort argument wat Paulus in hierdie geval gebruik, kan getipeer word as 'n ***argument gebaseer op die veronderstelde bestaan van eenparige opinie*** met as onderliggend logika: almal huldig hierdie mening en dus behoort julle dit ook te doen. Hierdie argument ontvang egter nie soveel klem soos die een oor die herkoms van sy apostelskap nie.

## 2.3 Verwysing na die tradisie

Die derde opvallende aspek in Paulus se retoriese strategie is sy uitgebreide verwysing na sekere kernaspekte van die Christelike tradisie, in die besonder in Galasiërs 1:1 (καὶ θεοῦ πατρὸς τοῦ ἐγείραντος αὐτὸν ἐκ νεκρῶν) en 1:4 (τοῦ δόντος ἑαυτὸν ὑπὲρ τῶν ἁμαρτιῶν ἡμῶν, ὅπως ἐξέληται ἡμᾶς ἐκ τοῦ αἰῶνος τοῦ ἐνεστῶτος πονηροῦ κατὰ τὸ θέλημα τοῦ θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν). Beide hierdie uitsprake verwoord gedeelde kennis in die vroeë Christendom en dit is feitlik seker dat Paulus by welbekende belydenis-formules van

daardie tyd aansluit.[12] Gevolglik kan hierdie argument getipeer word as 'n *argument gebaseer op gedeelde Christelike tradisie.* Die volgende twee aspekte oor die wyse waarop Paulus hierdie argumente gebruik, verdien ook aandag:

Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat beide argumente bloot genoem word en nie ontwikkel word soos wat hy met die argument oor sy apostelskap doen nie. Dus kan 'n mens die afleiding maak dat Paulus se bedoeling met hierdie argumente nie soseer polemies is nie, maar eerder om die gemeenskaplike band tussen hom, sy lesers en die Christelike tradisie te versterk - iets wat later in sy betoog moontlik as basis daarvoor kan dien dat sy lesers oorreed kan word om ook in ander opsigte sy standpunt te aanvaar (Lührmann 1988:9). Dit kan 'n mens ook sien in die wyse waarop Paulus inklusiewe taal in hierdie deel van sy brief gebruik: van "*Paulus* en die broers saam met *my*" na "genade en vrede vir *julle*" na "Christus wat Homself gegee het om *ons* sondes te vergewe...*ons* te red". Om die waarheid te sê, Paulus gebruik nie weer die inklusiewe "ons" voor Galasiërs 3:14 nie.[13]

Tweedens is die feit dat Paulus nie hierdie gedeelde Christelike tradisie polemies aanwend nie, ook belangrik. Dit sou byvoorbeeld baie maklik gewees het om die sleutelwoorde "deur geloof in Jesus Christus" iewers in te voeg. Tog doen hy dit nie. Daaruit kan 'n mens ook iets belangriks oor sy oorkoepelende retoriese strategie sien, naamlik dat die belangrikste saak op hierdie stadium van sy betoog vir hom die saak van goddelike sanksie was en nie soseer die inhoud van sy evangelie nie. Dit maak natuurlik sin, want as hy hierdie kernaspek in sy eie guns kon omswaai, sou dit baie makliker wees om hulle te oortuig dat die inhoud van sy evangelie korrek is. Daar was geen sin daarin om hulle te probeer oortuig van "sy" *evangelie* voordat hy oortuigend kon bewys dat die "*sy*" iemand aandui wat goddelike sanksie het nie!

## 2.4 Konklusie

Vanuit die bespreking tot sover is dit duidelik dat Paulus nie hou by 'n rigiede patroon in die aanhef van sy Brief aan die Galasiërs nie. Hy pas die aanhef op verskeie maniere aan om aan te sluit by die doel van sy brief. Dit het ook duidelik geword dat daar 'n hele paar retoriese tegnieke in die aanhef van die brief gebruik word, maar dat die klem eintlik net op een saak val, naamlik die saak van goddelike sanksie - hier uitgedruk in terme van

12 Dit word dikwels deur eksegete genoem. Kyk byvoorbeeld Mussner (1977:46, 50), Becker (1981:289), Lührmann (1988:16), Hübner (1993:58-60) en Martyn (1998:89). Dit bied dan ook die verklaring vir die nie-Pauliniese trekke in Galasiërs 1:4, byvoorbeeld die gebruik van ἐξέληται ('n *hapax legomenon*) en die frase ἐκ τοῦ αἰῶνος τοῦ ἐνεστῶτος πονηροῦ in plaas van die meer normale αἰὼν οὗτος. Kyk Ebeling (1981:52-53) vir 'n goeie bespreking hiervan.

13 In Galasiërs 2:4 gebruik hy ook "ons", maar dit is onseker of hy sy lesers hierby insluit.

die goddelike oorsprong van sy apostelskap. Sy strategie in die volgende perikoop sluit nou hierby aan, maar soos wat ek sal aantoon, is daar ook 'n effense klemverskuiwing.

# 3. GALASIËRS 1:6-10

Navorsers wat verkies om kategorieë vanuit antieke retoriese teorieë te gebruik, klassifiseer gewoonlik hierdie perikoop (of 'n deel daarvan) as die *exordium*,[14] maar Vos (1993:17-18) het oortuigend aangetoon dat so iets weinig sin het omdat 'n mens dan die begrip *exordium* op 'n manier gebruik wat nie ooreenstem met die gebruik daarvan in die antieke nie, naamlik dat die primêre funksie van die *exordium* was om die gehoor psigologies voor te berei vir die spreker en sy saak. Soos Lausberg (1960:180) dit verwoord:

> Ziel des Exordiums ist es, die Sympathie des Richters (oder im weiteren Sinn: des Publikums) für den (parteimassig vertretenen) Redengegenstand zu gewinnen.

Ek sal dus nie hierdie perikoop in terme van antieke retoriese kategorieë probeer klassifiseer nie en eerder bloot die aandag vestig op die oorredingstrategie wat Paulus hier volg. Vanuit hierdie perspektief is daar dan vier sake wat belangrik is:

## 3.1 Verwyt

Een van die sake wat die meeste aandag kry in hierdie perikoop is die afwesigheid van 'n inleidende danksegging. O'Brien (1977:261-263; Kyk ook die vroeëre studie van Schubert 1939) het aangetoon dat die Pauliniese danksegging gewoonlik een van die volgende vier funksies vervul: epistolêre funksie (aanduiding van die hooftema van die brief), pastorale funksie (fokus op sy besorgdheid vir sy lesers), didaktiese funksie (beklemtoning van belangrike gedagtes) en 'n paranetiese funksie. O'Brien het in sy studie oortuigend aangetoon dat die inleidende danksegging vir Paulus nooit niks-seggende rituele was nie, maar altyd 'n integrerende deel van sy briewe uitmaak en vir hom 'n positiewe en besondere betekenis gehad het.[15] Gevolglik

14 Byvoorbeeld Betz (1979:44) wat vers 11 ook byvoeg, Kennedy (1984:148) en Becker (1992:291). Hall (1987) identifiseer dit as die *propositio*.

15 Kyk ook White (1984:1742). Berger (1974:223) stel dit as volg: "Danksagungen... werden im apostolischen Brief verwendet, weil er wesentlich Segensrede ist."

is die afwesigheid van 'n danksegging in Galasiërs baie opvallend.[16] Dit is natuurlik 'n vraag of Paulus se lesers sou besef het dat iets afwesig is, want - anders as ons - het hulle nie 'n hele aantal briewe van hom gehad wat hulle bewus sou maak van Paulus se gebruik nie. Tog lyk dit of dit wel die geval kon wees dat hulle bewus was van so 'n gebruik uit ander briewe van hulle tyd. Alhoewel direkte parallelle vir die tipies Pauliniese danksegging nie aangetoon kan word uit die kontemporêre Griekse briewe nie, bevat talle papirusbriewe wel aan die begin van die brief 'n verwysing na die sender se gebed vir die ontvangers.[17] Dit lyk dus verantwoord om te aanvaar die lesers van Galasiërs tot 'n mate bekend sou wees met hierdie gebruik en dat die afwesigheid daarvan hulle sou opgeval het.

In plaas van 'n danksegging of 'n verwysing na 'n gebed druk Paulus sy verbasing uit: Θαυμάζω ὅτι οὕτως ταχέως μετατίθεσθε ἀπὸ τοῦ καλέσαντος ὑμᾶς ἐν χάριτι [Χριστοῦ] εἰς ἕτερον εὐαγγέλιον. Deur θαυμάζω te gebruik, is Paulus egter nie net besig om sy verbasing uit te druk nie; hy is alreeds besig om sy lesers te verwyt.[18] Deur die gebruik van die woord μετατίθεσθε slaag Paulus daarin om sy negatiewe gevoelens oor die Galasiërs se afval[19] baie effektief oor te dra, aangesien dié woord die negatiewe ondertone van drostery/desersie en verraad dra (Betz 1979:48; Dunn 1993:39-40). Paulus se verwyt is baie skerp: hy vind dit skokkend dat hulle só gou[20] begin "dros" het. Hy stel dit verder dat hulle besig was om van "die (E)en wat hulle geroep het" afvallig te raak. Alhoewel hierdie uitdrukking dubbelsinnig

16 In terme van moderne benaderings tot literatuur kan die effek van die afwesigheid van die danksegging beskryf word as defamiliarisasie of vervreemding - 'n konsep wat fundamenteel was in die Russiese Formalisme. Kyk Cronje (1986:214-227). In sy studie van Romeine 1:1-7 toon Byrskog (1977:27-46) ook aan hoe vreemde elemente in 'n aanhef lesers kon opval.

17 Kyk veral die studie van Arzt (1994:29-46) - veral pp 44-46. Let veral daarop dat sy studie oortuigend aantoon dat daar - anders as wat dikwels in sekondêre literatuur aanvaar word - nie so 'n element soos 'n gebruiklike inleidende danksegging in die papirusbriewe uit die tyd van die Nuwe Testament voorkom nie, maar wel 'n staande element waarin 'n gebed vir die leser/s genoem word.

18 Kyk Roberts (1992:351-358); asook, onder andere, Vos (1994:15, voetnoot 13) en Betz (1979:45). *Contra* Mussner (1977:53).

19 Die gebruik van die praesens dui aan dat die proses nog steeds aan die gang is as Paulus die brief dikteer. Kyk Burton (1962:18).

20 Die woorde οὕτως ταχέως is dubbelsinnig en kan op enige een van die volgende maniere verstaan word (Ebeling 1981:60): 1. So gou na hulle bekering; 2. So gou na sy besoek; 3. So gou na die aankoms van Paulus se opponente in Galasië; 4. Sonder om eers te wag vir Paulus se opinie. Die eerste opsie lyk na die beste keuse.

21 Kyk Longenecker (1990:115) Bligh (1969:83) betoog dat Paulus doelbewus dubbelsinnig is omdat Paulus die gedagte wil oordra dat die Galasiërs se optrede ook dislojaliteit

geformuleer is, is dit feitlik seker dat Paulus hier na God verwys omdat dit die manier is waarop hy hierdie uitdrukking gewoonlik gebruik.[21]

Paulus beklemtoon verder dat hulle in werklikheid besig is om weg te beweeg van genade. Hy gebruik weer eens 'n dubbelsinnige uitdrukking: ἐν χάριτι kan verwys na óf die staat waartoe hulle geroep is óf die manier hoe hulle geroep is. Dalk is die beste uitweg om te aanvaar dat Paulus beide in gedagte het.[22] In elk geval, Paulus se retoriese strategie is duidelik: hy verwyt die Galasiërs uiters skerp as gevolg van hulle verkeerde optrede.

## 3.2 Beswaddering van die opponente

In vers 7 verskuif Paulus die fokus van die Galasiërs na die opponente en verander hy ook sy retoriese strategie van verwyt na beswaddering van sy opponente. As sodanig was beswaddering (Engels: vilification) 'n verskynsel wat wyd in die vroeë christelike briefliteratuur en in die Mediterreense wêreld voorgekom het.[23] In hierdie geval gebruik Paulus beswaddering as retoriese tegniek as volg:

- Hy ontken dat die opponente se boodskap die status van 'n evangelie het: εἰς ἕτερον εὐαγγέλιον, ὃ οὐκ ἔστιν ἄλλο. Alhoewel Paulus aanvanklik na hulle boodskap as "evangelie" verwys, korrigeer hy homself onmiddellik. In die antieke retoriek het hierdie tegniek bekend gestaan as μεταβολή en destyds is gereken dat hierdie tegniek die gehoor meer gunstig sou stem vir die spreker se saak en dat dit ook inhoud van die korreksie sou beklemtoon en dit dus sterk onder die aandag van die gehoor sou bring (Anderson 1996:310). Let ook op die verskil tussen ἕτερος en ἄλλος. Gewoonlik gebruik Paulus hierdie twee woorde op dieselfde manier, maar in hierdie geval gebruik hy dit wel om 'n verskil aan te dui, naamlik "another of a different kind" en "another of the same kind" onderskeidelik (Silva 1996:54-56). Die punt wat Paulus probeer tuisbring, is dat die opponente se boodskap 'n ander "evangelie" is wat eintlik glad nie evangelie is nie.
- In plaas daarvan om sy opponente direk te noem, verwys hy bloot na hulle as τινές. Ook dit was 'n bekende praktyk in die oudheid (Betz

teenoor hom impliseer. Alhoewel dit moeilik is om dit te bewys, is dit moontlik dat Bligh korrek is - veral as 'n mens in ag neem dat daar vir Paulus 'n baie nou verband is tussen sy evangelie en God se roeping. Schlier (1971:38) druk dit as volg uit: "Ruf Gottes und apostolisches Kerygma des Paulus sind fur die hörenden Galater identisch."

22 Kyk Oepke (1973:48). Die eerste opsie word gekies deur Schlier (1971:37) en Betz (1979:48); die tweede deur Longenecker (1990:15) en Ebeling (1981:64).

23 Du Toit (1994:403-412) onderskei nege tendense van hierdie verskynsel in die vroeg-Christelike briefliteratuur.

1979:49; Vos 1993:16). In hierdie geval is die bedoelde effek hiervan om die indruk te skep dat Paulus se opponente onbenullig is, dat hulle name nie eers die moeite werd is om genoem te word nie, en dat hulle getallegewys maar min is - alles maniere waardeur Paulus sy eie saak versterk.

- Paulus gebruik weer eens woorde wat 'n sterk negatiewe konnotasie het. Hy beskuldig sy opponente daarvan dat hulle die Galasiërs "verwar/ ontstig" en die evangelie "verdraai". Die eerste woord wat hy gebruik (ταράσσω) het die konnotasie van die skep van politieke onrus en verwarring (Betz 1979:49) en die tweede woord (μεταστρέφω) suggereer 'n verandering ten slegste oftewel 'n verwording van die evangelie (Bruce 1982:82, Dunn 1993:43). Op hierdie manier slaag Paulus daarin om die optrede van sy opponente in 'n baie negatiewe lig te stel en onsekerheid te skep oor hulle ware bedoelings.

## 3.3 'n Dubbele vloek

In verse 8-9 is daar weer eens 'n verandering in Paulus se oorredingstrategie. Nou gebruik hy 'n dubbele vloek. Die uitspreek van 'n vloek is een van die mees effektiewe oorredingstrategieë wat enige mens kan gebruik. In die antieke retoriek is die geweldige effek daarvan ook gereeld genoem (Betz 1979:45-46). Die dubbele vloek wat Paulus in verse 8 en 9 gebruik, is baie noukeurig gestruktureer. In die eerste vloek noem hy twee moontlikhede, naamlik dat hyself of 'n engel 'n evangelie sou verkondig wat anders is as die een wat hy verkondig het. Beide hierdie moontlikhede is hoogs onwaarskynlik.[24] In die tweede[25] vloek word dit egter verander en word die vloek "toegepas" op die situasie in Galasië (Behnisch 1984:246). Die mense wat inderdaad besig is om 'n ander evangelie in Galasië te verkondig, word nou vervloek.

Paulus gebruik dus die dubbele vloek hoogs effektief as deel van sy retoriese strategie en probeer om ten minste die volgende drie doelwitte daarmee te bereik:

Eerstens is hy besig om die beswaddering van sy opponente (sien 3.2 hierbo) voort te sit en te verhewig. Deur 'n vloek op hulle uit te spreek, stel hy hulle in 'n uiters slegte lig: hulle is mense wat op pad is om God se

24 Kyk Ebeling (1981:82), Mussner (1977:82). *Contra* Bligh (1969:88-89), Betz (1979:53) en Lührmann (1988:19).

25 Die woorde ὡς προειρήκαμεν verwys waarskynlik na 'n vorige geleentheid in Galasië toe Paulus dieselfde soort uitspraak gemaak het en nie na die vloek in die vorige vers soos wat Schlier (1970:39) en Bruce (1982:84) dink nie.

oordeel te ontvang. Morland (1995:15) stel dit as volg in sy boek oor die retoriese funksie van vervloeking in Galasiërs:

> The double anathema challenges the Galatian audience to regard the opponents as cursed persons. Such a curse cannot be overlooked once it has been uttered. The primary pragmatic aspect of the curse is that it puts before the Galatian churches a very serious choice: Either to accept the double anathema as a carrier of divine authority, and thus to isolate the opponents, or to reject it as false, and thus to question the authority of Paul himself. The curse claims to carry divine authority, and therefore it demands to be accepted as such. The only alternative is to reject it as false. Thus the situation cannot be as it was before in Galatia: Once the curse has been uttered, the churches are forced to choose between the authority of Paul and his opponents.

Tweedens funksioneer die vloek ook as 'n sterk waarskuwing vir die Galasiërs. Alhoewel dit op so 'n manier verwoord word dat dit gerig word aan die mense wat die ander evangelie verkondig, is die effek daarvan wyer: as die Galasiërs voortgaan om die valse evangelie te aanvaar, sal hulle lot soortgelyk wees aan die van die opponente. Hulle moet dus 'n keuse maak: óf terugkeer na Paulus se evangelie óf die gevolge dra.

Derdens, deur homself ook onder die vloek te plaas (alhoewel dit 'n baie onwaarskynlike moontlikheid is), slaag Paulus daarin om die gedagte tuis te bring dat geen mens as sodanig as kriterium vir die evangelie kan dien nie. Die punt wat hy dus probeer tuisbring, is dat die evangelie belangriker as enige mens is - ook as hyself. Dit het 'n bestaan en onafhanklikheid van sy eie omdat dit uiteindelik gebaseer is op goddelike gesag.

## 3.4 Verwerping van kritiek

In vers 10 verskuif die fokus van Paulus se retoriese strategie weer. Voordat dit bespreek word, moet die betekenis van die vers egter eers ondersoek word - veral die drie retoriese vrae wat op meer as een manier verstaan kan word, aangesien dit nie duidelik is of hulle in 'n positiewe of negatiewe sin verstaan moet word nie. In die geval van die eerste een (ἀνθρώπους πείθω) is die bedoeling duidelik negatief: Paulus verwerp die gedagte dat hy dit doen waarvan filosowe en ander sprekers destyds gereeld beskuldig is, naamlik die vernuftige aanwending van geslepe oorredingstrategieë om mense te oorreed om hulle standpunt te aanvaar (Martyn 1998:139). Dit word dan gevolg deur 'n volgende frase (ἢ τὸν θεόν;) waaraan 'n mens die woord πείθω moet byvoeg. Dié woord kan dan óf positief óf negatief verstaan word. As dit positief verstaan word, is Paulus se bedoeling iets soos "Ek probeer nie mense oorreed nie. Ek stel belang in wat God wil hê." (Oepke 1973:53;

Mussner 1977:63; Lyons 1985:143-144). As dit negatief verstaan word, is sy bedoeling iets soos "Ek probeer nie mense oorreed nie. Ek probeer ook nie God manipuleer nie." (Ebeling 1991:63). Dit is baie moeilik om 'n keuse te maak, maar die feit dat 'n mens πείθω uit die vorige frase moet "oordra", maak dit waarskynlik dat die negatiewe konnotasie ook na die tweede frase toe oorgedra moet word. In die derde frase (ἢ ζητῶ ἀνθρώποις ἀρέσκειν;) is die betekenis beslis negatief. "Om mense te behaag" is destyds beskou as een van die onaanvaarbare tegnieke wat deur filosowe en sprekers gebruik is wat hulle boodskap aangepas het om hulle hoorders te pas (Betz 1979:55). Paulus sê dus dat hy nie sulke praktyke gebruik nie, want dit sou beteken dat hy nie langer 'n slaaf van Christus is nie.

Hoe kan Paulus se retoriese strategie in vers 10 dan beskryf word? Hierdie vers maak sin as 'n mens aanvaar dat hy besig is om homself teen aanvalle van sy opponente te verdedig. Klaarblyklik het hulle hom daarvan beskuldig dat hy die evangelie aanpas om dit makliker vir die Galasiërs te maak om christene te word en dus besig was om hulle te "behaag". Dat hy besig was om God te "oorreed", verwys dan waarskynlik daarna dat hy volgens sy opponente probeer het om God te oorreed om die nuwe christene op makliker voorwaardes te aanvaar as wat in die wet voorgeskryf is (Dunn 1993:49-51). In hierdie vers gebruik Paulus nou drie retoriese vrae om die kritiek teen hom uit te lig en beantwoord dan die laaste vraag self: hy verwerp die kritiek teen hom deur te wys op wat hy so pas in die vorige verse gedoen het (aangedui deur ἄρτι). Hy wys die Galasiërs daarop dat sy bereidheid om 'n dubbele vloek op mense uit te spreek, 'n bewys is dat hy *nie* probeer om mense te behaag nie, maar slegs in die evangelie belangstel. Die soort argument wat hy dus gebruik, kan aangedui word as ***verwerping van kritiek deur 'n voorbeeld te gee wat die teendeel bewys.***

## 3.5 Konklusie

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat Paulus se retoriese strategie in Galasiërs 1:6-10 verskeie fokusse het wat mekaar vinnig afwissel. Nietemin moet dit nie verstaan word as verskillende of selfs opponerende oorredingstrategieë wat Paulus hier aanwend nie. Ten spyte van die duidelik identifiseerbare fokusse wat uitgelig kan word, is daar 'n onderliggende eenheid in Paulus se retoriese strategie in hierdie perikoop. Dit is min of meer dieselfde patroon wat in die vorige perikoop aangedui is, naamlik die basiese opposisie tussen goddelik en menslik. Daar is egter ook 'n effense verskuiwing in Paulus se retoriese strategie. In die vorige perikoop is die opposisie aangewend om die goddelike herkoms van Paulus se apostelskap te ondersteun, maar in hierdie perikoop word dit gebruik om sy afkeer in

die vervalsing van die evangelie te verwoord. Hierdie basiese konseptuele raamwerk kan in elkeen van die vier fokusse wat hierbo uitgelig is, aangedui word. In die deel waar Paulus se *verwyt* oorheersend is (vers 6), is dit onderliggend aan die idee van drostery/desersie van die "(E)en wat hulle in/tot genade geroep het". In die deel waarin die *beswaddering van die* opponente oorheers (vers 7) is dit onderliggend aan die idee van "verwarring" van die gelowiges in Galasië en die "verandering" van die evangelie. In verse 8 en 9 verwoord die dubbele vloek dieselfde konsepsuele raamwerk: mense wat die evangelie verdraai, sal God se vloek ervaar. In die laaste vers kan dit gesien word in die manier waarop Paulus kritiek verwerp dat hy mense en God probeer manipuleer en mense probeer behaag.

# BIBLIOGRAFIE

ANDERSON R D
1996. *Ancient rhetorical theory and Paul.* Contributions to Biblical Exegesis and Theology 18. Kampen: Kok Pharos.

ARZT P
1994. "The 'epistolary introductory thanksgiving' in the Papyri and in Paul", *NT* 36 (1), 29-46.

BARCLAY J M G
1987. "Mirror-reading a polemical letter: Galatians as a test case", *JSNT* 31, 73-93.

BECKER J
1981. *Der Brief an die Galater.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.
1992. *Paulus. Der Apostel der Völker.* Tübingen: Mohr, Siebeck.

BEHNISCH M
1984. "Fluch und Evangelium. Galater 1,9 als ein Aspekt paulinischer Theologie", *BerlinTheolZeit* 1 (2), 241-253.

BERGER K

1974. "Apostelbrief und apostolischer Rede. Zum Formular früh-christlicher Briefe", *ZNW* 65, 190-231.

BETZ H D

1975. "The literary composition and function of Paul's Letter to the Galatians", *NTS* 21 (3), 353-379.

1992. "Apostle", in: *The Achor Bible Dictionary. Volume 1*, ed D N Freedman (New York: Doubleday), 309-311.

1975. "The literary composition and function of Paul's Letter to the Galatians", *NTS* 21 (3), 353-379.

1979. *Galatians. A commentary on Paul's Letter to the churches in Galatia.* Philadelphia: Fortress.

BLIGH J

1969. *Galatians. A discussion of St. Paul's epistle.* London: St Paul Publications.

BRUCE F F

1982. *The Epistle to the Galatians. A commentary on the Greek text.* New International Greek Testament Commentary. Grand Rapids: Eerdmans.

BURTON E DE W

1962. *A critical and exegetical commentary to the Epistle of the Galatians.* Edinburgh: T & T Clark.

BYRSKOG S

1977. "Epistolography, rhetoric and letter prescript: Romans 1:1-7 as a test case", *JSNT* 65, 27-46.

COOK D

1992. "The prescript as programme in Galatians", *JThS* 43 (2), 511-519.

CRONJÉ J VAN W

1986. "Defamiliarization in the Letter to the Galatians", in: *A South African perspective on the New Testament. Essays by South African New Testament scholars presented to Bruce M. Metzger*, eds J H Petzer and P J Hartin (Leiden: Brill, 1986), 214-227.

DU TOIT A B

1994. "Vilification as a pragmatic device in Early Christian epistolography", *Bib* 75 (3), 403-412.

DUNN J D G

1993. *The Epistle to the Galatians*, Black's New Testament Commenrary. Peabody: Hendrickson.

ELLIS D

1993. "Modeling the informarion-seeking patterns of adacemic researchers", *Library Quarterly* 63 (4), 469-483.

EBELING G

1981. *Die Wahrheit des Evangeliums.* Tübingen: J C B Mohr.

FUNG R Y K

1988. *The Epistle to the Galatians.* Grand Rapids: Eerdmans.

HALL R G
1987. "The rhetorical outline for Galatians: a reconsideration", *JBL* 106 (2), 277-287.

HANSEN G W
1989. *Abraham in Galatians. Epistolary and rhetorical contexts.* Sheffield: JSOT Press.

HÜBNER H
1993. *Biblische Theologie des Neuen Testaments. Band 2: Die Theologie des Paulus und ihre neutestamentliche Wirkungsgeschichte.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

KENNEDY G A
1984. *New Testament interpretation through rhetorical criticism.* Chapel Hill: University of North Carolina Press.

LAUSBERG H
1960. *Handbuch der literarischen Rhetorik.* München: Max Hueber.

LONGENECKER R N
1990. *Galatians.* Dallas: Word.

LÜHRMANN D
1988. *Der Brief an die Galater.* Zürich: Theologischer Verlag.

LYONS G
1985. *Pauline autobiography. Toward a new understanding.* SBL Disertation Series 73. Atlanta: Scholars Press.

MARTYN J L
1998. *Galatians. A new translation with introduction and commentary.* New York: Doubleday.

MORLAND K A
1995. *The rhetoric of curse in Galatians. Paul confronts another gospel.* Atlanta: Georgia.

MUSSNER F
1977. *Der Galaterbrief.* Herders Theologischer Handkommentar zum Neuen Testament. Freiburg: Herder.

O'BRIEN J T
1977. *Introductory thanksgivings in the Letters of Paul.* Supplements to Novum Testamentum. Leiden: E J Brill.

OEPKE A
1973. *Der Brief des Paulus an die Galater.* Berlin: Evangelische Verlagsanstalt, 1973.

ROBERTS J K
1992. "Paul's expression of perplexity in Galatians 1:6: The force of emotive argumentation", *Neotestamentica* 26 (2), 351-358.

SCHLIER H
1971. *Der Brief an die Galater.* Kritisch-exegetischer Kommentar über das Neues Testament. Berlin: Evangelisches Verlag.

SCHNEIDER N
1970. *Die rhetorische Eigenart der paulinischen Antithese.* Tübingen: J C B Mohr.

SCHNIDER F & STENGER W
1987. *Studien zum neutestamentlichen Briefformular*. New Testament Tools and Studies 11. Leiden: E J Brill.

SCHUBERT P
1939. *Form and function of the Pauline thanksgivings.* ZNW Beihefte. Berlin: Alfred Töpelmann.

SCHÜTZ J H
1975. *Paul and the anatomy of apostolic authority.* Cambridge: Cambridge University Press.

SILVA M
1996. *Explorations in exegetical method. Galatians as a text case.* Grand Rapids: Baker.

TOLMIE D F
2000. "Retoriese analises van die Brief aan die Galasiërs: 'n Oorsig", *Acta Theologica Supplementum* 1, 147-168.

VOS J S
1993. "Die Argumentation des Paulus in Galater 1,1-2,10", in: *The truth of the Gospel (Galatians 1:1-4:11)*, ed J Lambrecht (Rome: Benedictina), 11-43.
1994. "Paul's argumentation in Galatians 1-2", *HTR* 87 (1), 1-16.

WHITE J L
1984. "New Testament epistolary literature in the framework of ancient epistolography", *ANRW* 25 (2), 1730-1756.